Heidelbergse Kategismus

Sondag: 36

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 36

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek, deur ’n valse eed of deur onnodig te sweer nie. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word.

Vraag 100: Is dit dan so ’n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker, want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek



Levitikus 24:15–16: Vir die Israeliete moet jy sê, 'Wanneer enigiemand sy God vervloek, moet hy die gevolge van sy sonde dra. Die een wat die Naam van die HERE laster, moet beslis sterf. Die hele volksvergadering moet hom beslis stenig. Soos 'n gebore Israeliet moet 'n vreemdeling ook sterf wanneer hy die Godsnaam laster.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur ’n valse eed



Levitikus 19:12: Julle mag nie in my Naam ’n vals eed aflê en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die HERE.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur ’n valse eed of deur onnodig te sweer nie.



Matteus 5:37: Laat die woord ‘ja’ by julle werklik ‘ja’ wees, en julle ‘nee’ ‘nee’. Meer as dit is uit die bose.

Jakobus 5:12: Bo alles, my broers, moenie sweer nie – nie by die hemel nie, en nie by die aarde nie – en moet ook geen ander eed aflê nie. Maar laat julle “ja” ’n “ja” wees, en julle “nee” ’n “nee”, sodat die oordeel julle nie tref nie.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur ’n valse eed of deur onnodig te sweer nie. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie.



Levitikus 5:1: Wanneer iemand sondig omdat hy gehoor het ’n openbare vervloeking is uitgespreek teen getuies wat swyg oor ’n misdaad waaroor hy kan getuig omdat hy dit gesien het of daarvan weet, maar hy verswyg dit, en daarom skuld dra;

Spreuke 29:24: Wie met ’n dief buit deel, haat sy eie lewe; hy hoor die vervloeking, maar maak tog niks bekend nie.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur ’n valse eed of deur onnodig te sweer nie. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie,



Jesaja 45:23: By Myself sweer Ek, uit my mond gaan ’n belofte oor geregtigheid, en dit sal nie herroep word nie: Voor My sal elke knie buig, elke tong sal plegtig verklaar,

Jeremia 4:2: As jy sweer, ‘So waar as die HERE leef’ – in trou, in reg en geregtigheid – sal nasies vir hulleself seën soek by Hom en hulle in Hom beroem.”

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur ’n valse eed of deur onnodig te sweer nie. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely,



Matteus 10:32: “Daarom, elkeen wat My voor die mense bely, sal Ek ook voor my Vader in die hemele bely.

Romeine 10:9–10: Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur ’n valse eed of deur onnodig te sweer nie. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep



Psalm 50:15: Roep My aan in ’n tyd van nood; Ek sal jou red, en jy sal My eer.”

1 Timoteus 2:8: Ek verwag van die mans dat hulle op elke plek sal bid, met heilige hande omhoog, sonder woede en rusie.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek deur 'n valse eed of deur onnodig te sweer nie. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word.



Romeine 2:24: Want "die Naam van God word deur julle toedoen onder die heidene belaster", soos daar geskryf staan.

Kolossense 3:17: En wat julle ook al doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus, terwyl julle God die Vader deur Hom dank.

1 Timoteus 6:1: Wie onder die slawejuk gebuk gaan, moet met alle respek teenoor hulle eienaars optree, sodat die Naam van God en die leer nie belaster word nie.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker,



Levitikus 5:1: Wanneer iemand sondig omdat hy gehoor het 'n openbare vervloeking is uitgespreek teen getuies wat swyg oor 'n misdaad waaroor hy kan getuig omdat hy dit gesien het of daarvan weet, maar hy verswyg dit, en daarom skuld dra;

Spreuke 29:24: Wie met 'n dief buit deel, haat sy eie lewe; hy hoor die vervloeking, maar maak tog niks bekend nie.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker, want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf.



Levitikus 24:16: Die een wat die Naam van die HERE laster, moet beslis sterf. Die hele volksvergadering moet hom beslis stenig. Soos 'n gebore Israeliet moet 'n vreemdeling ook sterf wanneer hy die Godsnaam laster.

SONDAG: 36 - VRAAG EN ANTWOORD: 99

Vraag: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek[1], deur 'n valse eed[2] of deur onnodig te sweer nie[3]. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie[4]. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie[5], sodat Hy deur ons reg bely[6], aangeroep[7] en in al ons woorde en werke geprys word[8].

1 Levitikus 24:15–16
2 Levitikus 19:12
3 Matteus 5:37; Jakobus 5:12
4 Levitikus 5:1; Spreuke 29:24
5 Jesaja 45:23; Jeremia 4:2
6 Matteus 10:32; Romeine 10:9–10
7 Psalm 50:15; 1 Timoteus 2:8
8 Romeine 2:24; Kolossense 3:17; 1 Timoteus 6:1

SONDAG: 36 - VRAAG EN ANTWOORD: 100

Vraag: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker, [1] want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf[2]

1 Levitikus 5:1; Spreuke 29:24
2 Levitikus 24:16

Kopiereg

© 2026